



HALLO
SKOOL

KLEUTERAKADEMIE



KONTAK ONS

073 619 9709

info@halloskool.co.za

www.halloskool.co.za

*Christelike
beginsels*

*Christelike
waardes*

*Christelike
skoolkultuur*

Kinders van 4 maande oud - Gr RR is welkom!

Ons Waardes

Die Hallo Skool-kultuur is gebaseer op:

- Liefde vir die Here
- Liefde en omgee vir ander
- Gesonde selfbeeld
- Respek
- Eerlikheid
- Ywer

Ons Missie

By Hallo Skool gee ons om vir elke kind en fokus individueel op elkeen se welstand, onderrig en ontwikkeling. Ons help kleuters om hulle volle potensiaal te bereik deur aan hulle puik opvoeding, 'n innoverende kurrikulum en gepaste opvoedkundige aktiwiteite in 'n veilige, ondersteunende en stimulerende omgewing te bied.

Ons Visie

Hier by Hallo Skool skep ons 'n Christelike omgewing waar elke kind se unieke talente en gawes gekoester en ontwikkel word. Ons streef daarna om akademiese uitnemendheid, geestelike groei en karakterontwikkeling te bevorder sodat kleuters hulle volle potensiaal in diens van God en hulle gemeenskap bereik.

Ons Vennote



Ons is daarop gestel om die skole in die groter Centurion gebied te voed en te ondersteun





HOEKOM ONS?

*Veilige
omgewing*

Kindgesentreerd

*Klein klasse/
lae onderwyser-
kind ratio*

*Innoverende
kurrikulum*

Ons unieke aanbieding

Hallo Skool is 'n plek waar elke kleuter spesiaal en geliefd voel. Ons streef daarna om kleuters se nuuskierigheid, kreatiwiteit en selfbeeld te ontwikkel deur ons verskeidenheid speelgebaseerde leeraktiwiteite en sosiale interaksies.

By Hallo Skool glo ons dat elke kleuter uniek is en verdien om opgevoed te word op 'n manier wat by elkeen se eie behoeftes en belangstellings pas. Ons toewyding aan kwaliteit onderwys en individuele aandag maak ons die ideale keuse vir jou kind se vroeë opvoedkundige ervaring.

Ons personeel

'n Kleuterskool is 'n spesialis onderwysgebied met spesifieke uitkomst en daadwerklike programme om die leerder optimaal te ontwikkel en voor te berei vir formele leersituasies. Ons het op hierdie ouderdom die unieke geleentheid om in die kind se brein (neurobane) en liggaam (integrasie) die fondasie neer te lê te vir leer.

Om ons behulpzaam te wees in hierdie proses het ons 'n arbeidsterapeut wat deurlopend die skool konsulteer. Hierdie konsultasie sal uitvalle vroeg identifiseer.

Elke personeellid word fyn gekeur om te bepaal of hulle oor die vermoë beskik om Hallo Skool se waardes en visie uit te leef. Ons personeel is voortdurend bewus van hulle verantwoordelikheid as opvoeders en dat hulle die fondasies lê vir gelukkige, gebalanseerde en suksesvolle kinders. Hulle weet waar ons kinders vandaan kom, waarheen hulle op pad is en wat van hulle verwag gaan word in hulle skoolloopbaan. Elke kind word met liefde en sorg daarop voorberei.



Onica Roux
SKOOLHOOF

Toewyding aan elke kind se unieke behoeftes en ontwikkeling

Hier by Hallo Skool sien ons elke kind as 'n individu met 'n unieke temperament, talent, leerstyl en persoonlikheid. Die kind bring hierdie uniekheid na elke leerervaring en speel 'n aktiewe rol in die leerproses deur deelname aan die leerervarings.

Ons glo dat kinders floreer wanneer hulle as unieke individue erken word. Sodoende word hulle karakter gebou, kreatiwiteit geaktiveer en talente gekoester. Hulle kan dan probleme met selfvertroue en unieke probleemoplossingsvermoë aandurf.

Speelgebaseerde ontdekkingsleer beklemtoon kindergeleide spel, aangesien spel die mees optimale metode is waarop kinders van hulself en die wêreld om hulle leer. Speel laat kinders toe om te leer deur te doen in teenstelling met passiewe en sittende ervarings.

Passie vir innoverende kurrikulum en opvoedkundige programme

Geïnspireer deur Finland se benadering tot opvoeding in die vroeë kinderjare, neem ons die beste wat Finland bied en kombineer dit met ander beste praktyke in ons progressiewe en vernuwende kurrikulum.

Ons werk voortdurend op grond van die nuutste in opvoedkundige navorsing, wat deur ons akademiese vennoot, die Universiteit van Helsinki, verskaf word. Die basiese kurrikulum is die HEI-kurrikulum. Hei is die Finse woord vir hallo.

Ons neem die beste wat Finland bied in kleinkindontwikkeling en kombineer dit met die Suid-Afrikaanse raamwerk in kleinkindonderrig en -ontwikkeling. Ons onderrig kleuters wat die wêreld sal verander, sonder om ons eie taal en kultuur prys te gee. Die onderwysmetodes van Finland deel hierdie filosofie.

Ons glo kinders moet so lank as moontlik net kind wees en daar moenie druk op hulle geplaas word om te presteer nie. Elke kind is op sy eie meriete talentvol en begaafd en verdien om gelyke onderwys te ontvang. Ons kinders sal baanbrekers word wat die wêreld verander.

Hallo Skool se kurrikulum lê die fondasie om ons kleuters voor te berei om met goeie herinnering aan Hallo Skool hulle skoolloopbaan en uiteindelik die lewe in te gaan. Hulle sal slaggereed wees vir die uitdagings van 'n groter wêreld.





Algemene inligting

Vir meer inligting oor ons program en registrasieproses besoek gerus ons webwerf by www.halloskool.co.za

Skoolure: 06:00 - 14:00

Naskool: 14:00 - 18:00

Vakansieprogram: Daar is geen ekstra koste. Registreer asseblief vooraf.



Hoe om te registreer

Skryf jou kind by Hallo Skool in deur ons aanlyn registrasievorm in te vul of kontak ons direk vir hulp met die proses. Ons sien daarna uit om jou kleuter te verwelkom in ons liefdevolle en ondersteunende gemeenskap.



Kleredrag en skryfbehoeftes

Kinders kry 'n hoed, rugsak en T-hemp wanneer ouers die registrasie fooi betaal. Hieredie klere word gedra op instappies en uitstappies.

Ouers moet daaglik sorg vir 'n ekstra stel skoon klere in die rugsakke.

Ouers moet asseblief ALLE besittings merk.

Hallo Skool verskaf alle skryfbehoeftes.



Fasiliteite


Ons fasiliteite is ontwerp met die behoeftes van jong kinders in gedagte. Ons ruim, skoon omgewing bied 'n veilige en stimulerende ruimte vir leer en speel. Kleuters kan in ons liefdevolle en rustige omgewing vir so lank as moontlik nét kind wees.

Ons unieke A-graad leeromgewing en terrein met 'n verskeidenheid ontwikkelingsareas en apparaat ondersteun ons holistiese benadering en speelgebaseerde ontdekkingsleer.



Sekuriteit & Veiligheid

Die veiligheid en sekuriteit van elke kind is ons hoogste prioriteit. Ons handhaaf 'n streng veiligheidsprotokol en hou altyd toesig oor elke kleuter se welstand.



SKOOLFOOIE

	4 maande tot 2-jarige	3-jarige tot 5-jarige
Registrasie fooi (slegs vir Nuwe leerders)	R2 200.00	R2 200.00
2025 Jaarlikse Fooi betaal teen 31 Jan. (Betaal vir die volle jaar in Januarie, afslag op 1 maand se gelde)	R64 500.00	R58 680.00
2025 Maandelikse Fooi (Voldag) (Betaal maandeliks oor 12 maande)	R5 375.00	R4 890.00
2025 Maandelikse Fooi (Halfdag) (Betaal maandeliks oor 12 maande)	R3 695.31	R3 361.88
2025 Drie keer per Week (Voldag)	R3 225.00	R2 934.00
2025 Drie keer per Week (Halfdag)	R2 217.19	R2 017.13
Afslag op een maand se skoolfooi indien die volle jaarfooie voor die einde van Januarie/Februarie betaal word.		
Ons bied 10% afslag op die tweede kind se skoolgeld, en vir 'n derde kind is daar geen registrasiefooi en 20% afslag op skoolgeld.		
Ongelukkig het ons nie kaartfasiliteite nie en geen tjeks of kontant word aanvaar nie.		
Etes word voorsien deur die skool.		
Musiek Muis, Playball en Arbeidsterapeut Sessies word ingesluit in die skoolfooi.		
Naskoolfooi word ingesluit in die skoolfooi.		

Neem asseblief kennis:

- Skoolfooie word maandeliks voor die 7de van die maand vooruit betaal, vir 12 maande.
- 'n Laat betalingsfooi van R120 sal gehef word vir betalings wat na die maandelikse sperdatum ontvang word en sal saam met die daaropvolgende maand se faktuur gehef word.
- Fooie sluit die gebruik van leermateriaal (handboeke) in.
- 'n Siftingfooi van R150 sal gehef word op geweierde aansoeke.
- 'n Administrasiefooi van R120 sal gehef word vir alle onbetaalde debietorder.
- Fooie kan betaal word deur debietorder, EFT, kredietkaart. Geen kontant word aanvaar nie.
- Debetordervorms is beskikbaar op die webwerf www.halloskool.co.za onder downloads of by die skoolkantoor.
- 'n Administrasiefooi van R100 sal gehef word vir betalings sonder/onakkurate verwysingsnommer/ besonderhede.
- 'n Laat betalingsfooi van R120 sal gehef word vir betalings wat na die vervaldatum ontvang word.
- Registrasiefooi is nie terugbetaalbaar indien die aansoek deur die ouer onttrek word nie.

Gebruik SLEGS u familiekode wanneer u 'n betaling maak.
Dit verseker korrekte allokasie van betalings. Bewys van
betaling word gestuur na finansies@halloskool.co.za

